

PAASFEES



Teks: Gedeeltes uit Matteus 27 en 28

Hulpmiddels:

- ❖ Marshmallow eiers / gekookte eiers
- ❖ 4 Plastiek eiers wat afsonderlik die volgende bevat: kruis; 3 spykers; klippie; een moet leeg wees
- ❖ Leë eierhouers / verf / kruis; 3 spykers; klippie vir elke kind / rekkies
- ❖ Aktiwiteit uitdeelstuk

Welkom

Hou 'n Paaseierskattejag deur 'n paar eiers weg te steek. Die kinders moet dan kyk om al die eiers binne 'n sekere tyd te probeer vind. Jy kan marshmallow eiers of gekookte eiers gebruik.

Wyding

Sing "Hy leef, Hy leef" <https://youtu.be/g82IFzRHWiQ>
of "Alive, alive" met bewegings <https://youtu.be/oYiwkP0yX3s>

Stilword: Maak jou ogies toe. Raak stil en fokus op jou asemhaling. Haal drie keer lekker diep asem en blaas stadig uit. (Die leier laat die kinders rustig "wakker" word deur te noem watter dele van die liggaam hulle moet wakker maak.) "Wikkel eers jou tone, wikkel jou regterduim, dan jou linkerduim. Rol jou skouer drie keer vorentoe en drie keer agtertoe. Maak jou linkeroog oop; maak jou regteroog oop. Sit gemaklik en wikkel al die wikkels uit."

Woord

Ons het nou lekker paaseierskattejag gehou. Maar vandag het ek baie spesiale paaseiers in my mandjie. Weet julle hoekom is hierdie eiers so spesiaal? Want elkeen van hulle leer ons iets van wat Paasfees regtig beteken.

Kom ons kyk wat is in die **eerste eier**: Dit is 'n kruis. Die kruis herinner ons dat Jesus uit sy eie vrye wil die kruis gedra het om daarop gekruisig te word en te sterf en dit alles vir my en jou sonde. Niemand het Hom gedwing om dit te doen nie. Hy het dit gedoen omdat Hy geweet het dat dit die enigste manier is hoe ek en jy gered kan word om eendag saam met Hom in die hemel te woon. God het my en jou so lief gehad dat Hy sy enigste gebore Seun gegee het sodat ek en jy vir ewig saam met Hom kan lewe (Johannes 3:16).

Binne-in die **tweede eier** is daar drie spykers. Dit herinner ons dat Jesus aan die kruis vasgespyker was. Die spykers wat hulle gebruik het, was nie so klein soos hierdie spykertjies nie. Nee, dit was baie groot spykers gewees. Kan jy net dink hoe seer dit moes gewees het? Jesus het baie pyn verdra terwyl hulle dit in sy hande en voete ingeslaan het. Hy het daardie pyn verdra om vir ons sonde te betaal.

Binne-in die **derde eier** is 'n klip. In die Bybel lees ons nadat Jesus gesterf het, dat hulle sy liggaam in 'n groot graf gebêre het en die ingang met 'n groot klip toegemaak het. Die Sondagoggend het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gaan kyk. Hulle het gesien dat die groot rots weggerol is en die graf oop is. Die klip herinner ons dat 'n groot klip nie eers vir Jesus in die graf kon hou nie.

Dit bring ons by die **vierde eier**: Die vierde eier is leeg. Ons lees in die Bybel dat die twee vroue in die graf ingegaan het en gesien het dat die graf leeg is. Jesus was nie meer daar nie. Eers het hulle gedink dat iemand Jesus se liggaam gesteel het. Maar binne die graf was 'n engel wat vir hulle gesê het: "Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het."

Die leë eier herinner ons dat Jesus se graf leeg was. Hy het uit die dood uit opgestaan, net soos Hy gesê het Hy sal.

Die Jesus wat ons dien, het gewilliglik die kruis opgeneem, maar spykers kon Hom nie aan die kruis vashou nie en 'n groot klip kon Hom nie in die graf hou nie. Hy het opgestaan en is nou saam met God, die Vader, in die Hemel. Ons lees in die Bybel dat elkeen wat in Hom glo, eendag saam met Hom in die hemel sal woon.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter eier se boodskap het vir jou uitgestaan.
2. Ek wonder wat is vir jou die beste deel van hierdie verhaal.
3. Ek wonder wat jy vir ander mense van Paasfees kan gaan vertel.

Werskaf

❖ Gee aan elke kind 2 stelle van vier leë eierhouers. Laat hulle dit verf / versier en plaas dan in elke opening van die een stel die volgende:

- die eerste eierhouergaatjie: 'n kruis (die kruis kan van karton of enige materiaal gemaak wees)
- 2de gaatjie: 3 klein spykers
- 3de gaatjie: klippie
- 4de gaatjie: niks

Sit die ander stel leë eierhouers bo-op die eerste stel. Gebruik dan rekkies om die twee stelle aan mekaar vas te hou. Laat die kinders dit saamneem huis toe om vir die mense te gaan vertel wat elke spesiale eier vir ons van Paasfees leer.

❖ Verbind die prent en eier aktiwiteit.


Sluit af met 'n **seënbede**.



Trek watter prentjie by watter eier pas om die verloop van Paasfees te vertel ?



Niks



1

2

3

4

